# JAAP ZEEMAN

## 5. Die skat van Simeon-eiland



Frans Gericke

10

DUBBELBOEK

**Twee vollengte avontuurromans vir die prys van een.**

SENTRALE UITGEWERS
bied met genoeë aan

# DIE SKAT VAN SIMEON-EILAND

deur Frans Gericke

IN DIE JAAP ZEEMAN REEKS

**Aanbeveel** deur die Uitsoek Boekklub

**Versprei** deur S.A. Tydskrifmaatskappy, Posbus 5672, Johannesburg

**Gedruk** in die Unie van Suid-Afrika, deur V en R Drukkery, Paul Krugerstraat 39-43, Pretoria

# INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | NEGE HANG | 5 |
| 2 | DIE VERBORGE SKAT | 11 |
| 3 | 'n KOMPLOT | 17 |
| 4 | DIE VERRAAIER | 21 |
| 5 | VOORGESPRING | 27 |
| 6 | DIE STRANDELING | 32 |
| 7 | DIE RUIGTES IN | 38 |
| 8 | DEUR BOBBEJANE VERSKEUR | 42 |
| 9 | DIE GEHEIM VAN DIE SKAT | 47 |
| 10 | NA DIE DALENDE SON | 51 |

DIE GALGTOU SWAAI....
dit swaai heen en weer, heen en weer, soos die pendulum van die dood. Dit swaai in die doflig wat deur die loerluik van die seldeur sypel...

Watter hoop het sy, die dapper blonde meisie wat, deur selflose vaderlandsliefde aangedrywe, haarself opstel teen die staalmag van Rusland?

En watter hoop het Anton de Wet, al is hy ook die briljantste van private speurders, om haar te red uit die hande van die folteraars?

Die Ogpo is die magtigste wêreldwye geheime polisiemag van alle tye. Vanaf Pretoria tot in Budapest lê hul spioene Anton en inwag - manne wat uitgesoek is vir hul krag, hul roekelooheid en wreedheid, opgelei in die fynste kunsies van moderne spioenasie. Selfs die genadelose Mau-Mau is tot hul beskikking.

Maar Anton besluit om die een kans uit 'n miljoen te waag.

Maar lees liewer self hierdie Frans Gericke riller. Die UITSOEK BOEKKLUB, Posbus 53, Pretoria, het nog 'n paar kopieë voorradig.

Prys 3/- posvry.



Hoofstuk 1

## NEGE HANG

P. Kleberg.

Die galg kraak onder die gewig van die nege lyke.

Kaptein Jaap Zeeman gril. Hy draai sy rug op die aaklige skouspel, stap 'n paar tree weg. Hulle was seerowers, die dood dubbel waardig, maar tog was hulle mense. Liggies druk hy 'n geurige sakdoek teen sy neus.

Die kaptein se helderblou oë dwaal oor die spieëlgladde water na die groot sloep wat juis om Kuyperseiland kom. Sy is pasgeverf en haar seil is blinknuut. Maar wat Jaap Zeeman se aandag vir 'n oomblik in beslag neem is die drie persone wat op die agterdek staan. Twee deftiggeklede here en 'n dame met 'n droomlyfie. Die groter, jonger man is besig om met uitgestrek te arm hierheen te wys, vermoedelik na die galg met sy walglike vrag. Dit lyk asof die meisie, ná een vlugtige blik, vinnig wegkyk.

Die langsloep kom hierheen, na die landingsplek 'n entjie links van waar Jaap staan. Sy kom natuurlik van 'n skip wat in die hawe by Frederik Hendrik, die hoofstad, aan die anderkant van die eiland, op anker lê.

Jaap draai regs. Langsaam stap hy in die rigting waar sy bemanning besig is met die kalfaat van sy skip. Daar is rusteloosheid in sy siel - die rusteloosheid van die landgebonde seeman. Hy weet dat sy bemanning hard werk, so hard as wat 'n mens dit maar van jolige pikbroeke kan verwag. Maar dit sal nog 'n week of twee

neem voordat hy die reis na Oos-Indië kan voortsit. Nog twee weke op land! En elke spier in sy liggaam smag na die slinger en stamp van 'n lewende dek.

Onsiende kyk Jaap na die hoë spieël van die Hoop van Gouda. Driemaal haar gewone grootte lyk sy tussen die steiers hier op die sand. Soos miere klouter sy manne oor haar huid soos hulle kap en pluk en skeur om die taaie seegoed af te kry.

„Troos jou hiermee," sê Jaap aan homself. „As sy eers skoon is, sal sy dubbel so vinnig vaar, sal sy meer as mans genoeg wees vir enige van die seerowers wat in hierdie waters wemel!"

Nouja, hy weet dit. Maar hy wens tog dat hy nou reeds op see was, dat hy op en af en heen en weer op reusegolwe geslinger word, dat hy die wind en die reën in sy gesig kan voel.

Hy slenter by sy eie skip verby. 'n Honderd tree verder langs die strand staan hy en kyk na die gewerskaf aan die Engelse brik „Susie". Netsoos hyself, het ook die kaptein van die Susie hierdie Noordwes-hawe van Mauritius gekies om te kalfaat.

Heerlik beskut teen die suidoos, is die Noordweshawe ideaal vir die doel. Hier is ook volop heerlike water, timmerhout, vrugte en eetbare voëls. In die bosryke binneland wemel dit van varke, wildsbokke en bobbejane, wat geskiet kan word om die vleisvoorraad aan te vul.

Mauritius is 'n paradys. Die vrugbaarste landstreek op aarde, is dit oortrek met vrugtebome.



'n Eeu gelede was hier ook nie sonde nie. Hier was geen enkele roofdier nie. Dit was 'n vreedsame koninkryk van voëls - duiwe groter as kalkoene, 'n soort volstruis waarvan die eier drie voet lank is!

Maar met ongelooflike kortsigtigheid het die Portugese dit alles versteur. Hulle het varke, bokke en - bobbejane - van Afrika af hierheen gebring. Hulle het die diere hier gelos sodat hulle as kos kan dien vir verbyvarende skepe.

Daardie diere het wild geword en vandag help hulle die mens om die voëlkoninkryk uit te delg. Veral die bobbejane en varke het so wreed geword dat hulle 'n mens sonder skroom aanval en verslind.

Jaap bemerk die Engelse kaptein, Stuart, daar anderkant die Susie op en af stap. Hy voel natuurlik net soos Jaap! Hy wil net see-toe.

„Kaptein!" Dit is Fanie Roppert, Jaap se skeepsjonge wat naderdrawwe. Hy salueer.

„Kaptein, hier is 'n dame en twee here wat u graag wil spreek!" sê Fanie opgewonde. „Baron Schawoudt en jonkheer van Hertenberg."

Jaap knik. Hy stoot sy kravat reg, stof sy moue af en volg Fanie. Hulle gaan by die Hoop van Gouda verby. Daar is dit stil. Niemand kap of skerts of sing meer nie. Op hul steiers sit hulle, aan hul toue hang hulle en almal se oë is gevestig op die luisterryke gaste daar op die onvaste landingshoof.

Daarheen stap Jaap. Hy buig diep, eers voor die glansryke dametjie, dan voor die baron en die jonkheer, uiteindelik voor die kaptein wat hulle met sy langsloep hierheen gebring het.

Buigend sê laasgenoemde. „Petrus Bros, kaptein van die brigantyn die Lange Freek."

„Sal u ons die eer aandoen, kaptein Zeeman," vra die baron van Schawoudt, „Om aan jonkheer Hertenberg en my en my dogter 'n private onderhoud toe te staan?"

„Die eer sal myne wees, Baron, maar," hy wys na die Hoop van Gouda tussen haar steiers, „My staatskajuit is ietwat buite bereik!"

„Waar u tuis is .....?" skimp die baron.

Jaap buig. Aan sy skeepsjonge sê hy: „Drawwe vooruit, Fanie. Sê aan die herbergier om sy beste sitkamer gereed te hê."

Die baron val langs Jaap in. Die jonkvrou volg aan Hertenberg se arm. Kaptein Bros draai om na sy langsloep, opsigtelik gesteurd omdat hy uitgelaat word uit die komende onderhoud.

„Die herbergier se beste," sê Jaap, „Sal swak afsteek by u kombuis! Hier is egter niks beter wat ek u kan aanbied nie."

Die jonkvrou praat. Haar stem is tegelyk melodieus en kil: „Wat 'n stad!" Sy verwys na die elftal tak- en blaarhutte wat tesame met die wankelmoedige plankherberg, al die geboue van die dorp uitmaak. „Het die plek 'n naam?"



Dit sal waarskynlik 'n naam hê," antwoord Jaap. „Ek stel my voor dat amptelike stukke sal verwys na die Kamp aan die Noordwes-hawe van Mauritius. Plaaslik staan dit slegs bekend as Die Kamp."

„Wat die Jonkvrou afstoot, is jul skavot!" merk Hertenberg spottend op. Hy verwys na die galg waarvan die nege lyke swaai.

„My skavot is dit nie," sê Jaap verergd. „Dit behoort aan u gasheer, die Kommandeur!"

„Wat nou?" vra die baron streng. „Verneem ek kritiek op die regspraak van sy eksellensie?"

Voordat Jaap kan antwoord, kom dit van jonkheer Hertenberg: „Sy eksellensie sal sy haastige regspraak nog berou! Die Franse op Bourbon laat die seerowers toe om hulle daar soveel te geniet ..... as waarvoor hulle kan betaal! Van nou af sal geen seerower dit meer in 'n Nederlandse hawe waag nie. Dink aan die miljoene riksdalers wat ons daardeur verloor!"

„Nederland sal nooit aan seerowery meedoen, soos die Engelse en Franse en Portugese nie!" sê die baron.

„Kaptein Zeeman sal met u saamstem, Baron," laat Hertenberg hoor. „Hy het meegedoen aan die onderdrukking en teregstelling van die seerowers'"

Elke keer dat die jonkheer sy mond oopmaak, hou Jaap minder van hom. Daardie nege seerowers hang swaai op Jaap se gemoed. Hy hou niks daarvan om herinner te word aan sy aandeel in die teregstelling nie.

„Dan is dit tog u skavot, kaptein Zeeman!" beskuldig die jonkvrou.

„Ek kan nie anders as om die bevel van die Kommandeur uit te voer nie," verweer Jaap homself. „Hy is hier op Mauritius die verteenwoordiger van die Stadhouer van Nederland."

„Natuurlik is kaptein Zeeman reg!" beslis die baron. „As dit nie vir sy ferme optrede was nie, verseker sy eksellensie my, dan het die seerowers Mauritius gestroop. Dit is juis daarom dat ek nou my toevlug na kaptein Zeeman neem."

Hertenberg lag: „Die seerowers sien dit waarskynlik in 'n ander lig! Ek kry kaptein Zeeman jammer indien hy ooit weer in die pad van James, die seerowerkaptein kom!"



Hoofstuk 2

## DIE VERBORGE SKAT

In 'n bedompige kamertjie van die herberg De Witte Beer sit hulle. Hulle sit om 'n ruwe, wankelmoedige houttafel op ruwe, lendelam houtstoele.

Voor hulle staan 'n kraffie met rooi Kaapse wyn, bekers, beskuitjies en dadels. Die herbergier, wat om hulle rond trippel, lyk meer na 'n seerower as na 'n hotelbaas.

„Jy mag gaan, Vermeulen!" sê Jaap.

„Dankie, Kaptein!" buig die herbergier. „Roep maar as Kaptein nog iets nodig kry!" Hy tree buigend by die deur uit, sy oë deurentyd op die skone edeldame gerig.

„Kaptein Zeeman," sê die baron sodra die deur toekreun. „Ons het na u gekom met 'n uiters gewigtige saak. U is deur sy eksellensie aangedui as die enigste persoon op die eiland wat ons mag help."

„Sy eksellensie vereer my!" buig Jaap.

Die baron gaan omslagtiglik voort: „Sy eksellensie verseker my dat nege uit die tien seekapteins wat by die eiland aandoen, oneerlik is. U meen hy, is die enigste man wat ons met ons geheim kan vertrou. Dit geld 'n skat wat miljoene van riksdalers werd is!"

Jaap glimlag, een wenkbrou opgetrek. „En u het sy eksellensie met die geheim vertrou?" Jaap ken sy eksellensie, Kommandeur Van Duyn. Hy weet dat Van Duyn in sy jong dae self 'n seerower was! Om die waarheid te sê, Jaap Zeeman het ook al onder die skedelvlag gevaar!